



22-24 Julie 2022

“Die wapens van ons stryd is nie vleeslik nie, maar **kragtig deur God om vestings neer te werp**, terwyl ons planne verbreek en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, **en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid aan Christus**” – 2 Kor 10:4-5

Navrae : fvdeventer@protonmail.com
Inligting: www.pactuminstitute.com/wbs
<http://tinyurl.com/bws2022>
Program: <https://tinyurl.com/toesprake>
RSVP Vorm: <https://tinyurl.com/RSVPbws>



Pactum Instituut

Hoekom ?

'n Wêreldbeskouing is soos 'n bril waardeur 'n mens na die wêreld kyk. As jou bril (wêreldbeskouing) foutief is dan sal jy na dieselfde feite en wêreld kyk as iemand wat 'n goeie bril het, maar jy sal hierdie feite anders verstaan en daarom ook anders optree. Dit kan tot soiets soos die [vragkultusse](#) na WO II van die Stille-Oseaan lei. Hierdie kultuslede dink dat die oorlogsvliegtuie met hulle vragte lekkernye teruggelok kan word deur vliegtuigreplikas en aanloopbane te bou en te offer vir hierdie gode. Dieselfde kan van moderne nie-Christelike wêreldbeskouing gesê word.

Die Bybelse Wêreldbeskouing maak dit duidelik dat Christene alles wat hulle doen tot eer van die HERE moet doen (1 Kor 10:31). Hierdie Bybel is nuttig en vertel Christene hoe om te lewe (2 Tim 3, Ps 1). Christene leef van elke woord wat uit die mond van God uitgaan (Mat 4:4). Vir nie-Christene is hierdie Woord en Evangelie dwaasheid (1 Kor 1).

Alle wêreldbeskouings
antwoord die groot vrae van
die lewe. Ons gaan in hierdie
seminaar dan ook hierop fokus .

Hierdie lewensvrae kan
ingedeel word in hierdie
kategoriee:

- Godsbeskouing,
- Mensbeskouing,
- Reg en verkeerd,
- Kosmologie,
- Kennisleer,
- Samelewing,
- Tydbeskouing.

BESTAAN GOD?

EVOLUSIE? SKEPPING? AAMPENSE?

LAASTE DAE? LEWE NA DIE DOOD?

HOEKOM IS DIE WERELD SO BOOS? ALIENS?

HOE WEET MENS? REG EN VERKEERD?

LGBT+ ? VRYHEID? VREDE? WYSHEID?

ALIENS? MARXISME?

LEWE NA DIE DOOD?

LEWE NA DIE DOOD?

OPSTANDINGS DAG?

OORDEELSDAG?

NUWE HEMEL/AARDE?

SKEPSEL EVANGELIE

ADAM EN EVA CHRISTENDOM

KULTURELE MARXISME?

REFORMASIE IN ONS DAG?

BIG BANG? OERKNAL?

DIE WET REDDING

KENNISLEER? BYBEL?

LOGIKA?



PROGRAM

Vrydag 22 Jul

- 18:00 **F vDeventer** | Opening | Wat is 'n Wêreldbeskouing?
- 18:45 **Mark Kreitzer** | Christian Manifesto for Africa :
Summary | Bybelse lig op moedertaalonderrig,
eiendomsreg, die gesin as boublok van die samelewing,
gesag, die Koninkryk ens.
- 19:30 **Tina vDeventer** | Dissipel die volgende geslag
- 20:15 Vrae & Antwoorde
- 21:00 Tee/Koffie/Kuier

Saterdag 23 Jul

- 8:00 **Pieter vDeventer** | Opening | Skriflesing en gebed
- 8:30 **Alwyn Swanepoel** | Teologie | Wie is God? Is God almagtig,
alwetend? Is Hy die Skepper? Is Hy die Redder?
- 9:15 **Slabbert le Cornu** | Etiek | Die wet en evangelie van die Koninkryk
van God
- 10:00 Tee / Koffie
- 10:45 **Adi Schlebusch** | Kennisleer | Hoe verkry ons kennis? Is dit
Skriftuur? Natuur? Spekulasie? Logika? Wat is waarheid?
- 11:30 **Andries Raath** | Samelewing | Reformatoriese perspektiewe op
die rol van die staat
- 12:15 Middagete (word *gratis* voorsien aan eerste 60 registrasies)
- 13:15 **Jann Schlebusch** | Samelewing | Individualisme of Universalisme?
God se Verbondstruktuur of 'n geestelike volk?



- 14:00 **Hugo Hayes** | Toepas | VCHO : Hoër Onderwys & ...
- 15:15 Vrae & Antwoorde
- 16:00 Ontspan | Kuier | Bring & Braai
- 18:00 Bring & Braai Aandete
- 19:00 **Gerhard Kok** | Antropologie | Wat is die mens?
Geëvoleerde dier of spesiale skepsel? Wat gebeur
wanneer jy doodgaan?
- 19:45 **Mark Kreitzer** | Biblical Eschatology of Cultural Hope :
The Interface between Amillennialism and Postmillennialism
- 20:30 **Mark & Nancy Kreitzer** | Prayer, Spiritual Warfare, and our Union
with Christ: Standing Firm in Dangerous Times
- 21:15 Afsluiting / Koffie / Tee

Sondag 24 Jul

- 09:00 Erediens
- 10:30 **Mark Kreitzer** | Eagle Vision | Five Key Neglected Reformational
Principles for Culture Transformation
- 11:15 **Adriaan Odendaal** | Kosmologie & geologie | BigBang? Is die aarde
spesiaal in die heelal? Skepping vs Evolusie?
- 12:00 **Michael Venter** | Tydsbeskouing | Hoop in hopelose tye
- 12:45 Afsluiting
- 13:00 Bring & Braai & Ontspan (wors en broodjies sal *gratis* voorsien
word aan die eerste 60 registrasies)
- 17:00 Erediens

“En word **nietse aan hierdie wêreld gelykvormig nie, maar word verander
deur die vernuwing van julle gemoed**, sodat julle kan beproef wat die
goeie en welgevallige en volmaakte wil van God is.” – Rom 12:2

Sprekers



Mark Kreitzer

PhD (Teologie), DMiss (Verdeflike Paradigmaskuif van die NG Kerk vanaf Kerk&Samelewing na die Wêreldraad van Kerke se sosiale teologie)

Mark het in Kalifornië in die VSA grootgeword. Vanaf 1989-1992 het hy as Direkteur van navorsing en kommunikasie in Pretoria gewerk by SERKOS (Sentrum vir Reformatoriese Studies) waar hy dan ook die Christen Manifesto saam met Dr Chris Jordaan gepubliseer het. Hy is 'n Assosiaat Professor by *Grand Canyon University* in Arizona, VSA (2015-2022) en was besoekende professor aan verskeie teologiese skole waar onder: Direkteur van die Engelse *Masters of Divinity* program by Kosin Universiteit, Busan, Suid Korea (2009-2015), *Reformed Theological Seminary* (Jackson, MS) en *Birmingham Theological Seminary*, New Zealand. Sy spesialiteit is Sistematiese teologie met 'n beklemtoning van die Missio Dei. Hy is tans besig met 'n PhD in Dogmatiek wat vyf fundamente voorstel: Trinity Principle, Sola Scriptura Principle, Covenant Principle, Restorative Eschatology Principle, Universal Equity Principle.



A Swanepoel

DTh (Dogmatiek, UOVS), MA (New St Andrews, VSA), MTh, BA, DiplTeol (APA)

Alwyn het in die Vrystaat grootgeword en was predikant van verskeie gemeentes in die AP Kerke. Hy was ook redakteur van Die Boodskapper vir etlike jare. Tans is hy professor in Dogmatiek aan die AP Akademie in Pretoria.



AWG Raath

DFil (UOVS), MA, LLB (PU vir CHO), BJuris

Andries Raath was professor by die fakulteit regte aan die Universiteit van die Vrystaat tot met sy aftrede in 2012. Hy het meer as 150 bydraes in joernale gepubliseer. Sy spesialisveld is regsgeeskiedenis, regsfilosofie en die geskiedenis van pioniersgemeenskappe. Hy het ook talle boeke gepubliseer waar onder "De la Rey, Stryd vir Vryheid". Prof Raath was etlike jare die voorsitter van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys wat klem daarop lê dat elke faset van die lewe aan die heerskappy van God-drieëinig onderwerp moet wees.



Adi Schlebusch

PhD (Teologie), MA Fil, BA (Latyn), BA(Teologie)

Adi het sy twee B-grade (Teologie en Latyn) met lof geslaag aan die Universiteit van die Vrystaat. Na sy voltooiing van sy M-graad in Filosofie het hy 'n PhD (Teologie) aan die Universiteit van Gröningen, Nederland verwerf met die titel: *"Strategic Narratives : Groen van Prinsterer as nineteenth-century statesman-historian"*
Hy is die outeur van talle eweknie-beoordeelde artikels wat in joernale gepubliseer word. Sy tweede boek word binnekort gepubliseer. Adi is die direkteur van Pactum Instituut.



Nancy Kreitzer

MA (Bible and Missions, Reformed Theological Seminary).

Nancy has taught at three Universities and colleges: Montreat College (Montreat, NC USA), Kosin University (Busan South Korea), and Grand Canyon University (Phoenix, AZ USA). Her specialty is Christian Character Development, Christian Worldview, and Introduction to World Mission. She plans, DV, to further her studies through PhD level at Northwest University, Potchefstroom).



Francois
vDeventer

MFil (Besigheids Etiek US), BSc (UP), Gev Dipl Proj Bestuur

Francois is 'n rekenaarwetenskaplike en besigheidsetikus. Hy het talle Bybelse Wêreldbekouing Seminare georganiseer en aangebied sedert die 1990's. Hy het 'n Meestersgraad (cum laude) in besigheidsetiek aan die Universiteit van Stellenbosch verwerf asook 'n BSc aan Tukkies en 'n Gevorderde Diploma in Projekbestuur aan Akademia. Hy het talle van dr. Francis Nigel Lee's se werke pers gereeds gekry. Hy het ook gehelp met die skep van 'n DVD van die versamelde werke van professor H.G. Stoker. Francois is gelukkig getroud en die vader van 12 kinders. Francois is ook 'n navorsingsgenoot van Pactim-Instituut.



Jann Schlebusch

PhD (Staatsleer UOVS), MA (Staatfilosofie UOVS)

Jann is 'n gebore Vrystater. Hy het aanvanklik Staatsleer by UV gedoseer waarna hy navorser word by die Dept Nasionale Opvoeding (1985-88). Sederdien is hy 'n boer met Angus beeste in die suid Vrystaat. Hy was baie aktief in die politiek en landbouorganisasies. Tans is hy voorsitter van Radio Rosestad se Trust. Hy publiseer 'n boek oor die Historiese aansprake op grond in SA: Vestigingspatrone van die verskillende volke.





Slabbert le Cornu

MDiv en BTh (PU vir CHO), BA (UP), HOD (UNISA)

Slabbert is in Pietersburg gebore en het in Pretoria grootgeword waar hy boekhandelaar en onderwyser was, waarna hy teologie studeer het in Potchefstroom. Hy is predikant van die Gereformeerde Kerk Carletonville sedert 2007. Hy is gelukkig getroud met Dorethea, en is geseën met nege kinders. Hy was betrokke by die vertaling van die Statenvertaling Kantaantekeninge in Afrikaans en hy is ook die redakteur van Pro Regno webblad en deeltydse boekverkope (Pro Regno Boeke).



Hugo Hayes

BA (UOVS)

Hugo het na 'n loopbaan van 20 jaar in die staatsdiens in 1999 in diens van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, Bloemfontein, getree, waar hy die afgelope 22+ jaar as Uitvoerende Beampte werksaam is. Hy is in 1974 met Elsie du Plessis getroud en die egpaar het drie seuns. Hy is sedert 1992 lidmaat van die Afrikaanse Protestantse Kerk, Bainsvlei.



Gerhard Kok

MBChB(Pret) DipOft(SA) GKOft(SA)

Gerhard Kok is 'n Oftalmoloog en Oogspesialis. Hy bied dikwels lesings plaaslik en internasionaal aan. Hy het as President van die Suid-Afrikaanse Vitreoretinale Vereniging (SAVRS) gedien. In sy vrye tyd leer hy die Bybelse Wêreldbeskouing aan sy kinders.



Adriaan
Odendaal

PhD (Geologie UVS)

Adriaan word groot op 'n plaas in die Vrystaat en matrikuleer aan die Hoërskool Harrismith. Hy studeer aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) en verwerf sy B.Sc., B.Sc. Hons. en Ph.D. grade in geologie. Hy doseer ook geologie aan die UV. Na 10 jaar bedank hy egter hierdie betrekking en is tans ingeskryf vir 'n B.Div. graad aan die AP Akademie, met die hoop om in die toekoms in die bediening in te gaan.



Pieter vDeventer

Finale jaar BDiv (AP Akademie)

Pieter is vierde jaar BDiv student aan die AP Akademie. In sy vrye tyd is hy die redakteur van die kanaal Bybelse Apologetiek. Hy ry ook bergfiets en speel viool. Hy beplan om in die bediening in te gaan.



Michael Venter

Hoof KAPAP instrukteur, Messmit

Mike het in Witbank grootgeword. Hy is 'n krygkunde spesialis en KAPAP instrukteur. Hy bestudeer weerbaarheid en die liggaamlike, geestelike en apologetiese beginsels. Hy is ook betrokke by *Apologetics Central*.



Tina vDeventer

Keramiek Tegnoloog, Onderwyseres, Moeder

Tina het navorsing gedoen by die WNNR in Mediese Keramieke nadat sy afgestudeer het. Die afgelope 23 jaar is sy egter moeder en onderwyseres vir die vDeventer gesin. Sy is gelukkig getroud met Francois.

"Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God."
– 1 Kor 10:31

*"Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde!
Dien die Here met vrees, en juig met bewing."* – Ps 2:10-11

"Want die woord van die kruis is wel dwaasheid vir die wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God; want daar is geskrywe: Ek sal die wysheid van die wyse mense vernietig en die verstand van die verstandige mense tot niet maak... maar ons verkondig Christus wat gekruisig is, 'n struikelblok vir die Jode en dwaasheid vir die Grieke." – 1 Kor 1:18,19,23-25

"En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip." - Gen 1:27-28

"En Jesus het nader gekom en met hulle gespreek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde." – Matt 28:18

"DIE Here is Koning; laat die volke bewe!" – Ps 99:1

"Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; ... Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word; ... Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het." - 1 Kor 15

Donasies vir die Seminaar Koste

BWS2022 word moontlik gemaak deur donasies om die kostes te delg. Ons probeer om dit so eenvoudig en goedkoop as moontlik te doen – daarom bring & braai en ander koste besparende maatreëls. Ons skop die projek af in die geloof. Ons beraam dat die koste om die seminaar aan te bied ~R25,000 gaan beloop.

Hierdie kosteberaming is gebaseer op die aanname dat daar 100 mense gaan kom en sluit die volgende items in:

- 14 sprekers se reiskoste
- Die huur van die gastehuis vir sprekers wat moet oorslaap
- Die terrein se gebruik
- Internet uitsending
- Bemaking van die geleentheid : Facebook, Boodskapper, Radio
- Saterdag- en Sondagmiddag se etes wat voorsien word
- 6+ koffie/tee sessies
- Vure vir die 2 bring & braai etes (Saterdagmiddag & Sondagmiddag)

Dankie aan hulle wat reeds skenkings gemaak het. Indien jy 'n bydra wil maak, kan jy ons kontak by fvdeventer@protonmail.com



Kampeer

Indien jy van ver af kom of sommer net vir die lekker wil kampeer by Diamantvallei vir die naweek van die seminaar dan is hierdie opsie wel beskikbaar.

Die enigste voorbehoud is dat ons dan stortgeriewe sal moet inhuur om dit moontlik te maak en daar sal genoeg kampeerders moet wees om dit te regverdig. Die koste om 'n stort in te huur is R3000. Dus sal ons in die koers van R300 moet vra per gesin as daar tien gesinne sou kom kamp.


Dui asseblief op die inskrywingsvorm (<https://tinyurl.com/RSVPbws>) aan indien jy wil kom kampeer.

Ongelukkig sal daar nie krag beskikbaar wees nie, maar wel genoeg staanplek vir karavane sowel as tente. Ons sal maksimum 20 gesinne kan akkommodeer.

Internetuitsending

Indien jy die seminaar wil volg via internetuitsending, vul dan die vorm in (<https://tinyurl.com/RSVPbws>) en toon aan dat jy in die **lewendige uitsending** belangstel – die skakel sal via epos vir jou gestuur word.





Die Pactum Instituut is 'n onafhanklike akademiese navorsings-instituut wat ten doel het om die tradisionele Bybelse Christelike wêreldbeskouing te bevorder—veral op die terrein van die Teologie en Geesteswetenskappe.

'Pactum' is the Latyn vir verbond wat die Godgegewe grondslag vorm van die menslike bestaan, insluitend die samelewing.

Die instituut wil die jammerlike gaping in die kontemporêre akademie vul wat veroorsaak word deur die sistematiese akademiese onverdraagsaamheid en vooroordeel teen die historiese en Bybelse Christendom deur die volgende te bevorder deur ons navorsing:

- 1 **Die Gesag van die Skrif.** Veral die Konfessionele benadering tot Bibliologie.
- 2 **Die Verbonds- of Federale Teologie** as die grondslag vir 'n Christelike samelewing.
- 3 **Christus se Koningskap** oor die hele skepping en veral oor elke aspek en sfeer van die Christelike lewe.
- 4 **God se Wet** as die absolute morele rigsnoer vir elke sfeer van die samelewing.
- 5 **Christelike Familialisme en Etniese Komplementarisme** soos wat dit vergestald word deur die organiese en godgegewe sosiale orde vir die mensdom.
- 6 **Die ontwikkeling van volhoubare, praktiese oplossings** vir klein gemeenskappe binne die konteks van die kontemporêre samelewing gebaseer op die beginsel van subsidiariteit (desentralisasie).

As uitvloeisel van verbonds- of federale teologie, volg dit dat Pactum Instituut die kontemporêre oorheersing van Kultuurmarxisme in Westerse akademie die stryd aansê. Ons doen dit deur die bevordering van historiese en bybelse Christelike leerstellings aangaande die Skrif, Gods Wet en Familialisme.

Die Christelike Wêreldbeskouing word daardeur aan die breër publiek as die enigste werklike alternatief voorgedien teenoor die verrotting en dekadensie wat volg op die afvalligwording van die historiese Christendom en die vernietigende gevolge van Kultuurmarxisme op die Westerse Samelewing.

Navorsing fokus daarop om praktiese oplossings te ontwikkel vir tradisionele gemeenskappe en volke as 'n alternatief op die globalistiese en modernistiese sosiale orde. Dit behels beide die teoretiese onderbou sowel as praktiese implementering van die nodige sosio-ekonomiese en sosio-politieke strategieë om volhoubare klein verbondsgemeenskappe, gebaseer op die gesin en familie, te help bevorder.



Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO)

Die VCHO bestaan sedert 1949 as 'n **vrye vereniging** wat op die terrein van die opvoeding, onderwys en wetenskap werksaam is.

Die VCHO wil met die kerke van gereformeerde belydenis, universiteite en skole op gereformeerde grondslag, asook die Christen-Afrikaner ouerhuis, **saamwerk**, met die oog op 'n gemeenskaplike ideaal. Dit naamlik dat 'n samelewing waarbinne die Christelike lewensbeskouing doelgerig gevestig en uitgebou word tot stand kom. Sy visie op die Koninkryk van God-Drieëinig word hiermee bevestig.

Die VCHO is verder onverbonde sover dit enige partypolitieke verbintenisse betref, maar onvoorwaardelik gebonde sover dit Bybelse beginsels betref. Die VCHO vind derhalwe sy **begroeding in die Heilige Skrif** as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God in sy geheel en in al sy dele, ooreenkomstig die lewensooruiging van die Calvinistiese Hervorming.

Die VCHO se **doelstelling** behels drieledig die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap op Reformatoriese grondslag (1 Tim. 3:16-17).

Die VCHO se **missie** behels dat deur die verwesenliking van sy doelstelling soos uiteengesit, persone en instellings gelei word, sodat op alle terreine van die samelewing tot eer van God gelewe en gewerk word (vgl Handeling 1:8).

Die VCHO handhaaf die beginsel van onderwys binne **volksverband**, maar is daarby nie geslote nie om advies, hulp en ondersteuning na buite te **verleen**, ter bevordering van Christelike onderwys met behoud van individuele selfstandigheid.

Ooreenkomstig sy doel- en missiestelling word —

- leiding en voorligting oor Christelike onderwys aan persone/instellings voorsien;
- ondersteuning gebied, deur inligting aan ouers beskikbaar te stel, navorsing gedoen, en kennis aan die onderwysgemeenskap deurgegee;
- samewerking op projekgerigte basis met geesgenootlike instansies uitgebou;
- Christelike opvoeding en onderwys inligting aan lede/belangstellendes verskaf;
- ledewerwing gedoen, ten einde georganiseerde steun vir die saak te monster;
- die Christelik-gereformeerde leer en lewenswandel verkondig;
- die akademiese diskoers oor Christelike wetenskap gestimuleer;
- vakmateriaal van 'n Christelike inslag ontwikkel

www.vcho.co.za

Waar?

Die Bybelse Wêreldbeskouing Seminaar word gehou op die Diamantvallei Landgoed 20 km oos van Pretoria. Dit is op dieselfde terrein as die tuiste van die jaarlikse Kragdag.

